



# VROUEBEDIENING

NG Kerk Vrystaat

# HANDLEIDING



"Ons is medewerkers in diens van God,
en julle is die saailand van God.
Julle is ook die gebou van God.
Lê jou daarop toe om jou tot beskikking van God te stel
as 'n arbeider wat die goedkeuring van God wegdra,
'n arbeider wat hom vir sy werk nie hoef te skaam nie.

Mag dié God julle toerus met alles wat goed is,
sodat julle sy wil kan doen. Mag Hy deur Jesus Christus in ons
tot stand bring wat vir Hom aanneemlik is."

*Hersaamgestel deur die NG Kerk: Taakspan:*
*Vrystaat Vrouebediening 2024*

VROUEBEDIENING



# INHOUD

**VOORWOORD** *3*

**1. NAAM** VRYSTAAT VROUEBEDIENING *4*

**2. GRONDSLAG** *4*

**3. GERIGTHEID** *4*

**3.1 VROUELIDMATE IN GEMEENTE VERBAND** *4*

3.1.1 DIE VROUEBEDIENING, WAT SOOS VOLG SAAMGESTEL BEHOORT TE WORD

3.1.2 RIGLYNE VIR WERKSAAMHEDE

3.1.3 FINANSIES EN ADMINISTRASIE

**3.2 VROUELIDMATE IN RINGSVERBAND** *5 - 6*

3.2.1 DIE DOEL VAN DIE RINGSKONFERENSIE

3.2.2 WANNEER WORD 'N RINGSKONFERENSIE GEHOU?

3.2.3 WAAR WORD DIE RINGSKONFERENSIE GEHOU?

3.2.4 WIE REËL DIE KONFERENSIE?

3.2.5 TERUGVOERING EN SPREEKBEURT

3.2.6 GELOOFSBRIEWE

3.2.7 OPENING VAN DIE RINGSKONFERENSIE

3.2.8 DIE FUNKSIE VAN DIE RINGSVERTEENWOORDIGER

**3.3 VROUELIDMATE IN SINODALE VERBAND (DAGBESTUUR)** *7 - 8*

3.3.1 SAMESTELLING

3.3.2 FUNKSIE VAN DIE VVB (DAGBESTUUR)

3.3.3 FINANSIES EN ADMINISTRASIE

3.3.4 DIE SINODALE KONFERENSIE

**4. ONTBINDING VAN DIE VVB** *8*

# VOORWOORD

Reeds sover terug as 1944 het 'n behoefte in die Vrystaat ontstaan om 'n vroue-organisasie onder die vleuels van die NG Kerk te plaas. Baie verenigings doen buite die kerk barmhartigheidswerk, maar daar bestaan leemtes wat die volle dienswerk van die christen wees nie aanspreek nie.

As gevolg van wisselende ekonomiese – en sosiale toestande, is daar altyd 'n behoefte aan georganiseerde dienswerk. Hierin bied die Kerk 'n wonderlike geleentheid vir gelowige vrouelidmate om haar amp as gelowige uit te leef en op hierdie wyse diensbaar in Sy Koninkryk te wees.

Omdat elke gemeente uniek is, kan die inhoud hiervan by omstandighede aangepas word. Doen dit gerus, maar dien die Here en u Kerk met oorgawe en toewyding. Gebruik dit as 'n koersaanwyser om die vrouelidmate prakties en geordend te laat funksioneer.

Baie dankie aan ons voorgangers wat baanbrekerswerk op hierdie gebied gedoen het. Ons het deeglik daarvan gebruik gemaak.

*VOORSITTER: TAAKSPAN NG KERK VRYSTAAT VROUEBEDIENING*



vb VROUEBEDIENING

# HANDLEIDING

*VIR DIE VROUELIDMATE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN DIE VRYSTAAT*

## 1. NAAM

NG Kerk Vrystaat Vrouebediening (VVB)

## 2. GRONDSLAG

Die Woord van God, die Drie Formuliere van Eenheid en die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Vrystaat.

## 3. GERIGTHEID

Die VVB is gerig op vrouelidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Vrystaat en dan in gemeente-, rings- en sinodale verband.

### 3.1 VROUELIDMATE IN GEMEENTE VERBAND

Die werksaamhede van vrouelidmate in gemeentelike verband word georganiseer en gekoördineer deur die:

#### 3.1.1 die Vrouebediening, wat soos volg saamgestel behoort te word:

Voorsitter, ondervoorsitter, sekretaresse, addisionele lede

#### 3.1.2 Riglyne vir werksaamhede

- Vergader kwartaalliks.
- Stel 'n jaarprogram op.
- Benoem afgevaardigdes na konferensies en stuur beskrywingspunte deur.
- Dien jaarlikse begroting by die kerkraad in en hanteer en administreer alle fondse in samewerking met die kerkraad.

#### 3.1.3 Finansies en Administrasie

- Alle gelde wat deur die Vrouelidmate van 'n gemeente ingesamel word, moet by die skriba/kassier van die kerkraad inbetaal en in 'n afsonderlike grootboekrekening ingeskryf word en mag ook nie sonder toestemming van die kerkraad bestee word nie.
- Die kerkraad administreer die fondse wat deur die Vrouelidmate ingesamel is en mag nie sonder toestemming van die Vrouebediening die gelde in die gemeentefonds stort nie.

## 3.2 VROUELIDMATE IN RINGSVERBAND

### 3.2.1 Die DOEL van die Ringskonferensie

- Ons kan nie net geïsoleerd werk in die kleiner kring van die gemeente nie. Ons moet mekaar leer ken en hande vat op 'n breër kerklike terrein.
- Dit is belangrik dat ons mekaar moet motiveer, toerus en wenke en inligting uitruil.
- Dit moet veral 'n GEESTELIKE TOERUSTINGSGELEENTHEID wees vir ons vrouelidmate.
- Vroue Ringskonferensie val in dieselfde gemeente waarin die Ringsitting van die Predikante vir die jaar plaasvind.
- Op die ringskonferensie word toepaslike onderwerpe en enige ander sake wat by wyse van 'n verslag of 'n beskrywingspunt ingedien is, behandel.

### 3.2.2 WANNEER word 'n Ringskonferensie gehou?

Verkieslik jaarliks binne 'n bepaalde Ringsgebied. In die jaar waarin die Sinodale Konferensie gehou word, is dit opsioneel.

### 3.2.3 WAAR word die Ringskonferensie gehou?

Elke gemeente in die Ring kry net soos die Ringsitting in 'n vaste orde, 'n beurt.

### 3.2.4 WIE reël die konferensie?

- Die plaaslike gemeente se Vrouebediening waar die ringskonferensie gehou gaan word, bepaal die datum en gee die inligting deur aan die gemeentes in die ring.
- Die gemeente besluit ook oor die tema, sprekers en vorm van aanbieding.
- Alle ander reëlings word intern deur die betrokke gemeente se Vrouebediening gedoen.

### 3.2.5 Terugvoering en spreekbeurt

- Die gemeentes in die ring moet geleentheid gegee word om terugvoer te gee oor die onderskeie gemeente werksaamhede.
- Die Verteenwoordigende VVB lid moet geleentheid gebied word om 'n spreekbeurt te kry.

### 3.2.6 Geloofsbriewe

- Die geloofsbriewe word uitgestuur aan die gemeentes waarop die afgevaardigde, sekundus en addisionele vrouelidmate wat konferensies bywoon, aangeteken word. Elke gemeente het die reg om soveel vroue as moontlik na die ringskonferensie te stuur.
- Net die afgevaardigde en sekundus is stemgeregtigdes indien daar 'n verkiesing plaasvind.
- Die voorsitter van die Kerkraad se handtekening moet ook op geloofsbrief verskyn.
- Die geloofsbriewe moet die betyds uitgestuur word en 'n program van die ringskonferensie moet aangeheg word.

### 3.2.7 Opening van die Ringskonferensie

Die ringskonferensie word deur 'n lid van die ring wat daartoe versoek is, geopen waarna die betrokke gemeente se komitee die leiding neem.

### 3.2.8 Die funksie van die ringsverteenwoordiger

Die ringsverteenwoordiger:

- ontvang verslag van die gemeentes in die ringsgebied en lewer op grond daarvan verslag aan die ringskonferensie en die VVB.
- maak aanbevelings aan die ringskonferensie en stel doelwitte vir die volgende termyn.
- voer opdragte van die ringskonferensie uit.
- verleen hulp aan die vrouelidmate van die gemeentes in haar ring.
- stuur besluite van die ringskonferensie aan die ring deur.
- dra enige saak of versoek vanaf die ringskonferensie of gemeente oor aan die VVB.
- dien as skakel tussen die VVB en die gemeentes in haar ring.

## 3.3 VROUELIDMATE IN SINODALE VERBAND (DAGBESTUUR)

### 3.3.1 Samestelling

- Die NG Kerk Vrystaat Vrouebediening bestaan uit 'n voorsitter, ondervoorsitter, sekretaresse en twee addisionele lede.
- Die VVB word met geslote stembriefies verkies uit 'n kandidatelys wat saamgestel word uit name wat die gemeentes voor die tyd opstuur. Die genomineerdes hoef nie noodwendig in hulle ring te wees nie. Die persoon wat by elke stemming die meeste stemme op haar verenig, word telkens as verkose verklaar. Dieselfde persoon mag nie vir twee agtereenvolgende termyne as voorsitter verkies word nie. Ter wille van kontinuïteit behoort twee lede van die vorige dagbestuur in die nuwe dagbestuur herkies te word.
- Indien 'n vakature ontstaan, kan die dagbestuur 'n nuwe lid koöpteer.

### 3.3.2 Funksie van die VVB (Dagbestuur)

- Vergader elke drie maande (kwartaalliks).
- Reël elke vierde jaar 'n sinodale konferensie.
- Stel vanuit die ringsverslae 'n verslag op van die werksaamhede van die Vrouelidmate vir voorlegging aan die Moderamen.
- Reël jaarliks 'n toerustingsgeleentheid vir vrouelidmate van die NG Kerk in die Vrystaat behalwe in die jaar van die Sinodale Konferensie.
- Portefeuljes:

  Bedieningsbegeleiding

  Moderamen

  Vennote en Getuienis

  Bybelgenootskap
- Tree in belang van die Vrouelidmate in die sinodale gebied op.
- Voer versoeke van die Sinode uit.
- Lewer verslag aan die Sinode.

#### 3.3.3 Finansies en administrasie

- Die Sinodale Kerkkantoor administreer die gelde van die Taakspan: VVB.
- Die voorsitter en die sekretaresse van die VVB en die Hoofrekenmeester van die Sinodale Kantoor stel aan die einde van die jaar 'n begroting vir die volgende jaar op.
- Die koste vir die spreker van die toerustingskursus word uit die kursusgeld verhaal.
- Konferensiegelde word deur die gemeentes voor die sinodale konferensie in die bankrekening van NG Kerk Vrystaat inbetaal.

#### 3.3.4 Die sinodale konferensie

1. SAMESTELLING

Die sinodale konferensie word saamgestel uit die VVB en afgevaardigde vroue uit elke gemeente in die sinodale gebied. Slegs twee vroue uit elke gemeente wat op 'n algemene byeenkoms verkies is, is stemgeregtig. Die getal besoekers is onbeperk.

2. KONSTITUERING

Die voorsitter of 'n lid van die Moderamen open die vergadering, waarna die VVB leiding van die vergadering oorneem.


3. FUNKSIE

Die sinodale konferensie:

- behandel toepaslike onderwerpe en enige ander saak wat by wyse van verslag of beskrywingspunte ingedien is;
- bring verslae en versoeke onder die aandag van die betrokke Taakspan;
- verkies teen die einde van die sinodale konferensie die nuwe bestuur van die VVB.
- Die Taakspan bestuur kan deur die Moderamen versoek word om 'n opeenvolgende termyn te dien.

### 4. Ontbinding van die VVB

Die Vrouebediening kan alleen deur 'n twee-derde meerderheidsbesluit van die Sinode ontbind word.



vb
VROUEBEDIENING

NG Kerk
Vrystaat